

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Bouwer and Another v Gammin O4 BK h/a Civil and Blasting Solutions (5773/2010) [2010] ZAGPPHC 619 (3 March 2010)

[2010] ZAGPPHC 619**COURT**

North Gauteng High Court, Pretoria

BEFORE

Ebersohn

CASE / FILE NUMBER

5773/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(NOORD GAUTENG AFDELING)

SAAKNR.: 5773/2010

DATE: 3 MARCH 2010

In die saak van

BOUWER, HERMANUS JOHANNES.....Eerste
ApplikantBOUWER, WILHELMINA ELIZABETH.....Tweede Applikant
en

GAMMIN O4 BK.h/a CIVIL AND BLASTING

SOLUTIONS.....Respond
ent

CORAM: EBERSOHN WR.

AANGEHOOR OP 24 FEBRUARIE 2010

UITSPRAAK AFGEGEE OP 3 MAART 2010

UITSPRAAK

EBERSOHN AJ.

- [1] In hierdie uitspraak word die appiikant vir verlof om te kan appelleer na verwys as die respondent en die respondente in rekonvensie word na verwys as die Bouwers.
- [2] Aan die applikante is regshulp verleen onder uiters onaangename omstandighede. Die respondent het deur listigheid die Bouwers gekry om te trek uit die respondent se woning te Cullinan onder die voorwendsel dat die respondent hul trek gratis na Polokwane sou vervoer. Hulle trek is gelaai op die oggend van die 29ste Januarie 2010 op die vragmotor soos voorsien deur die respondent.
- [3] Teen ongeveer 11h30 was die vragmotor klaar gelaai met die trek van die Bouwers en ene Francois Mynhardt van die respondent het die Bouwers geskakel en meegedeel dat daar iets fout is met die dieselpomp van die vragmotor en dat dit eers sou moes aandoen by die respondent se werkswinkel te Bon Accord vir herstelwerk. Die Bouwers is toe vooruit na Polokwane en het met die drywer van die vragmotor selnommers uitgeruil sodat hulle die drywer rigting kon aandui wanneer hv te Polokwane aankom met hulle trek.
- [4] Die middag het een van die Bouwers se werkers hulle geskakel en meegedeel dat die vragmotor met hulle trek op steeds by die respondent se werkswinkel te Bon Accord staan en dat van die houers waarin breekgoed van die Bouwers verpak is van die vragmotor afgegooi is en dat die werkers van die respondent' die Bouwers se vleis wat in 'n vrieskas verpak was uitgehaal het en onder mekaar verdeel het.
- [5] Toe Mnr. Bouwer vir ene Johan van Vuuren. 'n besluitnemer van die respondent skakel het om te vemeem wat aangaan, het Van Vuuren hom meegedeel dat Bouwer nie sv meubels sou kry alvorens Bouwer nie die geld wat hy aan die respondent verskuldig was, betaal het nie. Van Vuuren het geweier om besonderhede van die bedrag wat beweerdelik verskuldig was aan Bouwer te verstrek. Van Vuuren het ook gedreig dat die Bouwers leed aangedoen sou word indien die Bouwers weer die eiendom te Cullinan sou betree. Die Bouwers het die saak by die SA Polisie aanhangig gemaak en noodgedwonge die nag met hulle kinders in hulle voertuig geslaap.
- [6] Dit was toe vir die Bouwers duidelik dat die respondent hulle met bedrog en listigheid uit die woning te Cullinan gekry het.
- [7] Die aansoek vir dringende regshulp teen die respondent het toe voor my gedien. Die advokaat vir die respondent het 'n regspunt tot die effek dat die Bouwers se prokureur die verkeerde kennisgewing van mosie gebruik het geargumenteer en hy het aangedring dat die aansoek op daardie grond afgewys moes word. Die hof het die oorsig gekondoneer en gelas dat die respondent die meubels en ander goed soos per aanhangsel "XI" aan die Bouwers moes verskaf en of aan hulle toegang gee tot die perseel te Bon Accord sodat die Bouwers hulie goed kon vemyder. Koste is deur die hof voorbehou vir argument in die dringende hof op 24 Februarie 2010 ten einde die respondent kans te gee om 'n verklaring in te dien as hulle wou.

- [8] Die respondent het geen antwoordende verklaring ingedien nie maar het intendeel 'n aansoek vir verlof om te kan appelleer gebaseer op 7 beweerde gronde waarop die Hof kwansuis sou gefouteer het.
- [9] Die werking van die kennisgewing van aansoek vir verlof om te kan appelleer is om die interim bevel wat verleen is op te skort en in reaksie daarop het die Bouwers 'n aansoek in terme van reël 49(
- 11) gebring om die werking van die aansoek vir verlof om te kan appelleer op te skort. Hierdie aansoek is op 5 Februarie 2010 deur die Hof aangehoor en die Hof het gelas dat daar onmiddellik

uitvoering gegee word aan die bevel van 3 Februarie 2010 en dat die Bouwers hulle goed kon verwvdar en die Hof het ook gelas dat die kosteaspek en die aansoek vir verlof om te kan appelleer aangehoor sou word op 24 Februarie 2010.

- [10] Op 24 Februarie 2010 is die aansoek vir verlof om te kan appelleer en die kosteaspek geargumenteer en die Hof het uitspraak voorbehou.
- [11] Volgens die gemene reg gebaseer op die Romeinse en Romeins-Hollandse reg is daar 'n verbod teen die neem van die reg in eie hande en sal die hof daardie optrede van die instansie wat die reg in eie hande neem ongedaan maak en bestraf met 'n punitiewe kostebevel. In hierdie geval het die respondent op 'n skreiende wyse en met laakbare listigheid die ontruiming van die woonhuis te Cullinan bewerkstellig tot die nadeel en verleentheid van die Bouwers en hulle bedrieg deur te kenne te gee dat die respondent gratis hulle trek sou vervoer na Polokwane. Die respondent hy sy laakbare optrede vererger deur geld te eis van die Bouwers voordat hulle die Bouwers se goed sou afgee.
- [12] Soos voormeld het die respondent geer. eedsverklaring voor hierdie Hof geplaas om sy optrede te verduidelik nie en die bewerings van die Bouwers staan derhalwe as onbetwis.
- [13] Dit is duidelik dat daar geen meriete in die aansoek vir verlof om te appelleer is nie. In terme van die bepalinge van die Wet op die Hooggeregshof is die appêl in elk geval nie meer ontvanklik nie aangesien daar nie meer restitutio kan geskied nie aangesien die Bouwers von is met hul meubels en goedere.
- [14] Wat die koste aanbetref is dit duidelik dat die respondent met listigheid, laakbaarheid en bedrog die reg in eie hande geneem het en so die Bouwers uit die woning wat hulle geokkupeer het te kry en daarna onder voorwendsels dat hulle geld aan die respondent skuld, hulle trek gestoor het in hul perseel te Bon Accord. Hierdie Hof sal nie sulke eiegeregtigheid en die neem van die reg in eie hande gedoog nie en dit is duidelik dat 'n swaar bestraffende bevel vir koste teen die respondent verleen moet word om die Hof se misnoeë te laat blyk.
- [15] Die Hof verleen gevolglik die volgende bevel:

1. Die aansoek vir verlof om te kan appelleer word afgewys met koste op die skaal van prokureur en eie kliënt.
2. Die respondent word gelas om die koste van die 3de Februarie 2010, van die 5de Februarie 2010 en van die 24ste Februarie 2010 op 'n geopponeerde basis en op die skaal van prokureur en eie kliënt te betaal.

P.Z. EBERSOHN,

WAARNEMENDE RFGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Applikant se advokaat: Adv. R.F.J de Villiers

Applikant se prokureurs: Des Bischoff Prokureurs

Tel. 012x 548 0872

Verw . Z2 3/2010

Respondente se advokaat op 5 en 24 Februarie 2010: Adv. F. Botes

Respondente se prokureurs: Stuart van der Merwe Ing.

Tel. 012x343 1900

Verw. ML STUART/SC9681

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2010/619.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/bouwer-and-another-v-gammin-unknown-topic-agpphc-2010>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria